Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
31 Mei 1973

Onderwerp:	God vernuwe ons Pinksterdiens
Lees:	Jesaja 43 verse 9 tot 21
Teks:	Jesaja 43 verse 13 en 19
Sing:	Psalm 130 verse 1 en 2 Gesang 65 verse 1 en 3 Gesang 189 vers 4

"Daar is niemand wat sonder geestelike vernuwing die koninkryk van God sal sien nie. En daar is niemand wat God kan behaag sonder voortdurende vernuwing en geestelike vrugbaarheid nie.

"Hierteenoor is ons van nature in ons verhouding tot God ballinge in die vêr land van sonde. Gelowiges voer dikwels 'n woestynlewe. En só kan byna 'n hele kerk ook soms geestelik in 'n woestyn verkeer.

"Dit is tot oneer van God, 'n bedroewing van die Heilige Gees en 'n miskenning van die oorwinnende genade van Jesus Christus.

"Daarom moet ons ook met hierdie Pinkstergeleentheid nadink oor ons geestelike toestand en onsself afvra: Leef ek 'n verloste lewe? Het ek al vrede met God gevind deur die bloed van Jesus Christus? Woon die Heilige Gees in my hart en besiel Hy my in my daaglikse roeping?

"Baie lidmate kan hierop nie oortuigend 'ja' antwoord nie. Hulle voel vervreemd van God en as hulle eerlik is, dan is hulle onvergenoegd in hulle woestynlewe en die groef waarin hulle verval het.

"Daarom wil ons die troostende Woord van God in hierdie aande vir hulle open en veral die aandag vestig op die tweede deel van Jesaja se profesie, waar God met sy volk oor geestelike vernuwing praat. Dit is ook 'n boodskap vir die kerk en elke individu van ons dag.

"Jesaja laat die klem hier val op die verhewendheid van God bo alles; asook God se wil en God se vermoë om te verlos. God beloof nie net bevryding uit die ballingskap nie, maar ook dat Hy sy volk uit die toestand van geestelike vervreemding na Hom sal terugbring. Hy bring hulle terug na gemeenskap met Hom en 'n toegewyde wandel met Hom. Hy beloof om

die toestand van sonde in hulle te omskep in een van Godsvrug en blydskap. Hy beloof dat hul geestelike ontbering sal plek maak vir oorvloed.

“Broers en Susters, God kan en wil dit ook vir ons kerk en vir ons in hierdie Pinkster doen. Dit kan gebeur in elkeen wat verlang na herlewing en hom of haar stel as klei in die hand van die Pottebakker, wat sê: ‘Kyk, Ek gaan iets nuuts maak’. (Jes 43:19)

“Broers en Susters, die vernuwing van ons sondige en ongeredde lewens val buite ons vermoë en selfs buite ons begeerte. Uit onsself is ons tot niks goeds in staat nie. Dit is in die eerste instansie ’n verootmoedigende gedagte, omdat dit alle eiewaan en verdienstelikheid van ons vervreemde pogings by die wortel afsny. In die tweede plek gee dit hoop omdat ons in plaas van ons ydele pogings, ons kan werp op God se genadige wil, wat ons vernuwing beoog en teweeg wil bring. Dit is God, die almagtige en genadige God wat sê: ‘Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit’.

“Dit beteken dat die wil van God om ons te verlos, nie opgewek hoef te word deur die smekinge van die verlore-gaande mens nie. God hoef nie deur gebed oorreed te word nie. Nee, die hele Skrif getuig daarvan dat God in sy liefde vir sondaars die verlore mens telkens opsoek. Ons leer Hom in die Skrif ken as die genadige God wat telkens nooi: ‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.’ (Matt 11:28)

“Broers en Susters, dit is die sondige mens wat nie vernuwe wil wees nie, omdat vernuwing ’n heilige en aan God gehoorsame lewe beteken. Die groot bedreiging vir die kerk van Jesus Christus op aarde is juis die onwilligheid van mense om uit te reik na die dieptes van wysheid en kennis van God. Daarvoor sien die sondige mens nie kans nie. Hoeveel is tevrede met dit wat oppervlakkig is?

“Maar Broers en Susters, God wil red. God wil herskep. God wil die treurende mens gelukkig maak. God wil die verslaafde bevry. Daarom verklaar Hy aan Eségiël: ‘Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.’ (Eség 36:25-27)

“God se almag is ons hoop. God bereik altyd die doel van sy liefdeswerk: ‘Ek werk, en wie kan dit keer?’ (Jes 43:13)

“Al sou ons vurig na herlewing verlang en ons veragtering in die genade betreur, kan ons geen nuwe lewe in onsself voortbring nie: ‘… sonder My kan julle niks doen nie.’ (Joh 15:5)

“Daar was by God heilige ontroering oor Israel se vervalle toestand: ‘Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm; my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek.’ (Hosea 11:8) Dit geld deur God se genade, ook vir ons.

“God het die vermoë om lewe in die doodsbeendere van sy kerk te bring; om ’n hart wat dood is weens die misdade van sondes, weer lewendig te maak; en ’n gevalle sondaar deur die genade van God te herstel tot ’n lewe van oorwinning.

“Ons kan nie, maar God kan: ‘… maar by God is alle dinge moontlik.’ (Matt 19:26) Dit is ons hoop. God kan deur die Heilige Gees onweerstaanbaar in ons harte werk. God kan aan ons nuwe lewe gee. God kan ’n nuwe hart in ons binneste gee.

“Laat ons dan bid om die onweerstaanbare werk van God se Heilige Gees in ons eie harte en in ons gemeente in hierdie Pinkstertyd.

“Vra maar aan die blymoedige en oorwinnende Christen: wat is die geheim van sy blydskap en krag? Hy sal antwoord: ‘… en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op ’n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak.’ (Ps 40:3)

“God se voorsienigheid is ons behoefte: ‘Ja, Ek maak ’n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.’ (Jes 43:19)

“God het beloof dat Hy nie net sy volk uit ballingskap sou terugbring nie, maar dat Hy hulle harte sou bekeer en aan hulle ’n oorvloedige geestelike lewe sou gee. Hul diepste behoefte was ’n geestelike herlewing, ’n besnydenis van hart, ’n hartgrondige bekering tot God. En dit is wat God in sy genade ook vir ons aankondig.

“Daar is iets wat my verontrus onder die lidmate van ons kerk. En hier praat ek nie van hulle wat buitekant die kerk staan; of hulle wat niks met God en sy gebod te doen wil hê nie. Nee, ek praat van vele lidmate van ons kerk wat ’n gebrek aan geloofsekerheid het.

“Broers en Susters, daar is gelowige mense wat nie met ’n beliste ‘ja’ kan antwoord op die vraag nie: Is u ’n kind van God? Is u seker dat u gered is? Is u seker dat u, u saligheid in Jesus Christus sal hê?

“Daar is lidmate wat jare lank al aan Jesus Christus se tafel sit en die sakramente gebruik, wat op hierdie vrae antwoord: Ek hoop dat as die oordeel eenmaal gevel word, ek ook aan Jesus Christus se regterhand sal staan. Ek hoop dat Hy daardie dag ook aan my sal sê: Gaan in in die vreugde van jou Here.

“Broers en Susters, ons kán seker wees. Gisteraand se onderwysing het ons geleer dat God deur twee dinge aan ons die sekerheid gee: God se Woord en beloftes; en die Heilige Gees wat saam in my gees getuig dat ons kinders van God is.

“Onthou ook dat Jesus gesê het: ‘Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.’ (Matt 7:21)

“Daar is behoefte onder ons mense aan hierdie sekerheid. En as daar ’n boodskap is wat in hierdie tyd uitgebasuin moet word, dan is dit: Bekeer julle!

“Waarom? Omdat die bekering so belangrik is. Hiersonder sal niemand die koninkryk van God beërwe nie. Dit is belangrik omdat bekering God se antwoord is aan sondaars wat verdwaald geraak het en soek om uitredding. Dit is hoe God die onbekeerde red.

“Ons moet losgeruk word uit die groef van gewoonte en die daarmee gepaardgaande oppervlakkigheid; om deur God herskep te word tot gelowiges wat God met dankbaarheid en oorgawe dien.

“Broer en Susters, is dit u begeerte? Vra dit dan nou van God, ons hemelse Vader en Jesus Christus, wat kan voorsien in ons diepste nood.

“‘Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak ’n pad in die woestyn, riviere in die wildernis. Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink. Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.’ (Jes 43:19-21)

“Amen.”